ERASA

ENDURANCE RIDE ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

# HOOFSTUK 1

# VISIE EN ALGEMENE ADMINISTRASIE

# Inhoud

1.1 INLEIDING ........ 3
1.2 VISIE ........ 4
1.3 WELSYN VAN DIE PERD ........ 5
1.4 SEKRETARIAAT ........ 7
1.5 GEDRAGSKODE ........ 8
1.6 BESWARE, KLAGTES EN GRIEWE ........ 10

**REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 1**

| Artikel | Onderwerp | Datum van wysiging |
|---|---|---|
| 6.16 | Besware, Klagtes en Griewe (nuwe artikel) | 16 Apr 2012 |
| 1.3 | Welsyn van die perd | 10 Mei 2013 |
| 1.5.2 | Nuwe reël soos by die AJV 2019 goedgekeur | 30 Julie 2019 |
| 1.5.3 | Nuwe reël soos by die AJV 2019 goedgekeur | 30 Julie 2019 |
| 1.5.4 | Nuwe reël soos by die AJV 2019 goedgekeur | 30 Julie 2019 |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**HOOFSTUK 1**

**VISIE EN ALGEMENE ADMINISTRASIE**


1.1 Inleiding
1.2 Visie
1.3 Welsyn van die Perd
1.4 Sekretariaat
1.5 Gedragskode


## 1.1 INLEIDING

1.1.1. Die ERASA-Grondwet en Reëls is saamgestel om te verseker dat individuele deelnemers en spanne wat aan uithouritte onder die beskerming van ERASA deelneem, onder billike en gelyke omstandighede teen mekaar kan meeding.

1.1.1.1 Indien daar enige twyfel bestaan oor die interpretasie van die reëls:

1.1.1.1.1 Voor ’n rit moet die aangeleentheid na die ERASA Algemene bestuurder verwys word, wat, na oorleg met die betrokke spesialisgroep, die korrekte interpretasie sal verskaf.

1.1.1.1.2 Tydens ’n rit berus die finale interpretasie by die Ritmeester (algemene reëls) en/of hoofveearts (veterinêre reëls), wat die reëls altyd op so ’n wyse moet interpreteer dat billike en gelyke omstandighede vir alle deelnemers verseker word.

1.1.1.2 Indien daar ’n dispuut rakende die interpretasie van die reëls ontstaan, moet dit na die Dagbestuur van die Raad van ERASA verwys word.

1.1.2 Alle lede, ruiters, helpers, perde-eienaars, ritkomitees, beamptes, vrywilligers en enige ander persone wat aan ’n ERASA-uithourit deelneem of daarby betrokke is, is gebonde aan en moet voldoen aan:

1.1.2.1 Die huidige ERASA-Grondwet en Reëls;

1.1.2.2 Enige addisionele reëls of wysigings aan reëls soos van tyd tot tyd deur ERASA neergelê;

1.1.2.3 Waar van toepassing, die Grondwet van die betrokke unie en/of klub;

1.1.2.4 Waar van toepassing, enige reëls spesifiek tot die rit; en

1.1.2.5 Waar van toepassing, die Statute, Algemene Regulasies, Uithouritreëls en Veterinêre Regulasies van die Fédération Equestre Internationale (FEI).

1.1.3 Unies en Klubs moet verseker dat:

1.1.3.1 Die ERASA-Grondwet en Reëls streng toegepas word by alle ritte wat onder die beskerming van ERASA en ingevolge ERASA-reëls aangebied word; en

1.1.3.2 Die toepaslike artikels van die ERASA-Grondwet en Reëls streng toegepas word by alle ritte wat onder die beskerming van ERASA, maar ingevolge die FEI-reëls, aangebied word.

## 1.2 VISIE

1.2.1 "Die Uithouritvereniging van Suid Afrika sal 'n dinamiese, professionele, internasionaal erkende en gerespekteerde, prestasie-gebaseerde ruitersportvereniging wees, wat voorsiening maak vir alle tipes van lidmaatskap sonder om die welsyn van die perde te benadeel."

1.2.2 Die verskillende elemente van die visie word soos volg verduidelik:

1.2.2.1 **Dinamies**

- Innoverende denke, om 'n leier te wees in nuwe metodes en bestuurstelsels in die uithouritsport.
- Deurlopende vernuwing om moderne neigings binne die sport te akkommodeer sonder om beproefde en bewese stelsels te negeer.

1.2.2.2 **Professioneel**

- Die Vereniging moet op 'n professionele wyse bestuur word. Lede van die Raad, Uniekomitees en Klubkomitees moet almal aktief by die bestuur van die Vereniging betrokke wees en moet ook hul onderskeie portefeuljes met toewyding bestuur.
- Alle persone wat as beamptes by ritte optree, moet deeglik opgelei wees.
- Die gedrag en optrede van lede van die Vereniging moet altyd 'n professionele beeld weerspieël.

1.2.2.3 **Internasionale erkenning en respek**

- Die Vereniging en al sy strukture moet internasionaal erken word, en die Vereniging, sy beamptes en lede moet internasionaal gerespekteer word.
- Die Vereniging moet bestuurs-, administratiewe en tydhoustelsels ontwikkel wat aan internasionale standaarde voldoen en wat alle kategorieë van deelname akkommodeer.

1.2.2.4 **Prestasie gedrewe**

- Gelyke geleenthede moet geskep word om elke ruiter in staat te stel om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel, hetsy op klub, streeks, nasionale of internasionale vlak.
- Prestasies op alle vlakke (ruiters, beamptes en perde) moet erken word.

1.2.2.5 **<u>Alle tipes van lidmaatskap</u>**

- Die Vereniging maak voorsiening vir alle kategorieë van deelname, insluitend:
  - Ruiters wat bloot vir genot deelneem.
  - Ruiters wat teen mekaar meeding
  - Beginners en ervare ruiters
  - Kompetisies op plaaslike, streeks, nasionale en internasionale vlak.
  - Deelname onder nasionale (ERASA) en internasionale (FEI) reëls

1.1.2.6 Welsyn van perde

- Die perd is op alle vlakke van die sport die hoogste prioriteit.
- Geen verdraagsaamheid teenoor die gebruik van verbode middels nie.

## 1.3 WELSYN VAN DIE PERD

1.3.1 ERASA vereis dat almal wat by uithouritte betrokke is, aan die volgende Gedragskode voldoen en erken en aanvaar dat die welsyn van die perd te alle tye die hoogste prioriteit moet wees. Die welsyn van die perd mag nooit aan mededingende of kommersiële invloede ondergeskik gestel word nie. Daar moet veral aan die volgende punte voldoen word:

1.3.1.1 Algemene Welsyn

1.3.1.1.1 <u>Goeie perdebestuur</u>. Stalling en voeding moet versoenbaar wees met die beste praktyke vir perdebestuur. Skoon en goeie gehalte hooi, voer en water, moet altyd beskikbaar wees.

1.3.1.1.2 <u>Afrigtingsmetodes</u>. Perde mag slegs afrigting ondergaan wat ooreenstem met hul fisiese vermoëns en vlak van volwassenheid vir deelname aan uithouritte. Perde mag nie aan metodes onderwerp word wat mishandelend is of metodes wat op vrees gebaseer is, bloodgestel word nie.

1.3.1.1.3 <u>Hoefsmedery en saaltuig</u>. Hoefversorging en beslag moet van ’n hoë standaard wees. Saaltuig moet ontwerp en gepas wees om die risiko van pyn of besering te voorkom.

1.3.1.1.4 <u>Vervoer.</u> Tydens vervoer moet perde ten volle teen beserings en ander gesondheidsrisiko’s beskerm word. Voertuie moet veilig, goed geventileer en volgens ’n hoë standaard onderhou word, gereeld ontsmet word en deur bevoegde persoon/e bestuur word. Bevoegde persoon/e moet altyd beskikbaar wees om die perde te versorg.

1.3.1.1.5 <u>Reis</u>. Alle reise moet sorgvuldig beplan word, en perde moet gereelde rusperiodes kry met toegang tot kos en water in ooreenstemming met huidige internasionale riglyne.

1.3.1.2 Geskiktheid om deel te neem

1.3.1.2.1 Fiksheid en bevoegdheid. Deelname aan kompetisies moet beperk word tot perde wat fiks genoeg is en ruiters wat aan die vereistes voldoen. Perde moet ’n geskikte rusperiode tussen uithouritte gegun word; bykomende rusperiodes moet toegelaat word ná langafstand reise.

1.3.1.2.2 Gesondheidstatus. Geen perd wat as ongeskik bevind is, mag aan ’n uithourit deelneem of aanhou deelneem nie. Veterinêre advies moet ingewin word wanneer daar enige twyfel bestaan.

1.3.1.2.3 Gebruik en mibruik van medikasie. Enige optrede, bedoeling of voorneme om medikasie verkeerd te gebruik of te misbruik, of medikasie wat onwettig is te gebruik, is ‘n ernstige welsynskwessie en sal nie geduld word nie. Ná enige veterinêre behandeling moet die perd voldoende rus tyd gegun word vir volle herstel, voordat daar aan uithouritte deelgeneem word.

1.3.1.2.4 Chirurgiese prosedures. Enige chirurgiese prosedures wat die welsyn van ’n perd wat aan ’n kompetisie deelneem, of die veiligheid van ander perde en/of atlete in gedrang bring, sal nie toegelaat word nie.

1.3.1.2.5 Dragtige/merries wat onlangs gevul het. Dragtige merries en merries wat ‘n vul soog, mag nie deelneem nie.

1.3.1.2.6 Misbruik van hulpmiddels. Mishandeling van ’n perd deur die verkeerde of oormatige gebruik van kunsmatige hulpmiddels (bv. swepe, spore, ens.) sal nie geduld word nie.

1.3.1.3 Byeenkomste mag nie perdewelsyn in gedrang bring nie.

1.3.1.3.1 Kompetisieterrein. Perde moet op geskikte en veilige oppervlaktes afgerig word of aan uithouritte deelneem. Alle ritbasisse en uithouritbane moet met die veiligheid van die perd in gedagte ontwerp word.

1.3.1.3.2 Uiterste weersomstandighede. Kompetisies mag nie onder uiterste weerstoestande plaasvind wat die welsyn of veiligheid van die perd kan benadeel nie. Daar moet voldoende voorsiening wees vir die afkoel van perde tydens en na deelname.

1.3.1.3.3 Stalling by uithouritte. Stalle moet veilig, higiënies, gemaklik, goed geventileer en van voldoende grootte vir die tipe en temperament van die perd wees. Afspoelareas en water moet altyd beskikbaar wees.

1.3.1.4 Welwillende behandeling van perde

1.3.1.4.1 Veterinêre behandeling. Veeartse moet altyd by ’n uithourit teenwoordig wees. Indien ’n perd tydens ’n rit beseer of uitgeput word, moet die ruiter ophou meeding en moet ’n veterinêre evaluering uitgevoer word.

1.3.1.4.2 Verwysingsentrums. Waar nodig, moet perde per perde-ambulans vervoer word na die naaste toepaslike behandelingsentrum vir verdere assessering en behandeling. Noodsaaklike behandeling moet toegedien word voordat perde vervoer word.

1.3.1.4.3 Kompetisiebeserings. Die voorkoms van beserings wat tydens kompetisie opgedoen word, moet gemonitor word. Grondoppervlaktoestande, die gereeldheid van deelname en enige ander risikofaktore moet noukeurig ondersoek word om maniere te identifiseer om beserings te beperk.

1.3.1.4.4 Genadedood. Waar die beserings van 'n ernstige aard is, mag die beste wees dat genadedood so spoedig as moontlik deur 'n veearts toegepas word, met die uitsluitlike doel om lyding te beperk.

1.3.1.4.5 Aftrede. Perde moet met deernis en op 'n menswaardige wyse behandel word wanneer hulle uit kompetisie tree.

1.3.1.5 Opleiding

1.3.1.5.1 ERASA moedig almal wat by uithouritte betrokke is, aan om die hoogste moontlike vlakke van toepaslike opleiding en kennis te verwerf.

## 1.4 SEKRETARIAAT

1.4.1 Die ERASA-sekretariaat bestaan uit 'n aantal posisies waarin die Raad geskikte persone sal aanstel. Dit sluit in:

1.4.1.1 **Algemene Bestuurder**

1.4.1.1.1 Die Algemene bestuurder word deur die Raad aangestel ingevolge die prosedure wat deur die Raad bepaal word. Die Algemene betuurder is 'n besoldigde beampte, voltyds in diens van die Raad. Die Algemene bestuurder tree as sekretaris van die Raad op, maar het nie stemreg nie.

1.4.1.1.2 Die Algemene betuurder is verantwoordelik vir toesig oor die doeltreffende administrasie van die Vereniging. Die Algemene bestuurder rapporteer aan die Dagbestuur van die Raad en moet:

- Verseker dat notules van vergaderings gehou en versprei word.
- Die Grondwet en Reëls onderhou en wysigings aanbring gebaseer op besluite van die Algemene Jaarvergadering en die Raad.
- Inligting aan lede van die Vereniging versprei
- Verkiesings van raadslede reël en koördineer.
- Alle databasisse onderhou (insluitend die lede, perde en uitslaedatabasisse).
- Ranglyste vir beide ruiters en perde onderhou.
- Administratiewe aspekte rakende die verkiesing van SA Nasionale Spanne, SA Ontwikkelingspanne en Federasiespanne bestuur
- Relevante tegnologiese hulpmiddels ondersoek, aanbevelings daaroor maak en, ná goedkeuring deur die Raad, dit implementeer om die bestuur van sowel die Vereniging as uithouritte te verbeter.

- Die Vereniging se webwerf bestuur.
- Toesig hou oor die uitvoering van die pligte van die Raad se administratiewe beampte(s) (in noue samewerking met die Tesourier oor aangeleenthede rakende finansiële bestuur).

1.4.2.1 **<u>Administratiewe Beamptes</u>**

1.4.2.1.1 Administratiewe Beamptes word deur die Raad aangestel ingevolge die prosedure wat deur die Raad bepaal word. Dit is besoldigde poste in die permanente diens van die Raad.

1.4.2.1.2 Die Administratiewe Beamptes onderhou die administratiewe aspekte van die Vereniging soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Die Administratiewe Beamptes rapporteer aan die Algemene bestuurder.

1.4.3.1 **<u>Regsadviseur</u>**

1.4.3.1.1 Die Raad stel ʼn Regsadviseur/Regsadviseurs aan.

1.4.3.1.2 Die Regsadviseurs hanteer spesifieke regsaangeleenthede (insluitend advies oor dissiplinêre optrede) op versoek van die Raad en rapporteer aan die Raad of sy gedelegeerde.

1.4.4 **<u>Koördineerders van Nasionale Kampioenskappe</u>**

1.4.4.1 Die Raad sal bepaal watter Nasionale Kampioenskappe gehou sal word en ʼn koördineerder vir elkeen aanstel. ʼn Koördineerder kan ʼn individu, klub of unie wees, en word aangestel om die organisering van ʼn spesifieke kampioenskap te koördineer en rapporteer aan die Raad.

1.4.4.2 Die Koördineerders van Nasionale Kampioenskappe moet ʼn plan en begroting vir die spesifieke Nasionale Kampioenskap aan die Raad (of ʼn gedelegeerde struktuur) vir goedkeuring voorlê. Ná goedkeuring moet hulle toesien dat die spesifieke Nasionale Kampioenskap suksesvol aangebied word.

## 1.5 GEDRAGSKODE

1.5.1 Hierdie Gedragskode is van toepassing op alle lede van ERASA, sowel as alle helpers en besoekers wat by ʼn ritbyeenkoms teenwoordig is (hierna na verwys as "almal"):

1.5.1.1 Almal moet aanvaar dat die welsyn van die perd te alle tye die hoogste prioriteit is.

1.5.1.2 Almal moet nie slegs hul eie regte en verantwoordelikhede erken en respekteer nie, maar ook die regte, veiligheid en menswaardigheid van alle ander lede, beamptes, ritkomitees, bestuurslede en lede van die publiek.

1.5.1.3 Almal moet hulle op so ʼn wyse gedra dat hul gedrag tot die positiewe beeld van die uithouritsport bydra en nooit tot nadeel van die sport strek nie.

1.5.1.4 Almal moet te alle tye aan die ERASA-Grondwet en Reëls voldoen.

1.5.1.5 Geen lid mag aan 'n rit deelneem wanneer hy/sy onder die invloed van alkohol is nie, en geen amptenaar mag by 'n rit as beampte optree terwyl hy/sy onder die invloed van alkohol is en nie in staat is om sy/haar verantwoordelikhede behoorlik uit te voer nie.

1.5.1.6 Almal moet alle privaat eiendom (insluitend ablusiegeriewe en fasiliteite op die ritterrein) respekteer en hulle daarvan weerhou om enige handeling te verrig wat tot beskadiging van sodanige eiendom kan lei.

1.5.1.7 Almal moet verseker dat die terrein (insluitend die roete/baan) waar die rit aangebied word, te alle tye skoon gehou word en dat rommelstrooiing voorkom word.

1.5.1.8 Rook terwyl iemand te perd is, ‘n perd lei of 'n perd aan die veterinêre paneel voorbring, sal as swak ruiterskap beskou word. Rook op die baan is streng verbode en sal tot diskwalifikasie lei.

1.5.1.9 Verantwoordelike persone (soos omskryf in die ERASA Grondwet) is verantwoordelik vir die gedrag van hul ondersteuningspan, familie en vriende. Die Ritmeester wat by 'n rit diens doen, kan 'n ruiter diskwalifiseer en hom/haar (saam met sy/haar hele groep) beveel om die terrein onmiddellik te verlaat indien die ondersteuningsgroep, familie en/of vriende, hulle skuldig maak aan gedrag wat 'n negatiewe uitwerking op die aanbied van die rit het.

1.5.1.10 Beamptes en komitees wat namens lede optree, moet altyd hul pligte en verantwoordelikhede op 'n professionele en pligsgetroue wyse uitvoer. Dit sluit in:

- Nakoming van die Grondwet en Reëls
- Onpartydige besluite op 'n objektiewe wyse neem, en
- Strewe na die hoogste standaarde

1.5.1.11 Almal wat by die sport betrokke is, word aangemoedig om die hoogste vlak van kundigheid in hul spesifieke veld na te streef (hetsy as ruiter, helper, beampte, veearts of administrateur).

1.5.1.12 Daar word van alle stemgeregtigde lede verwag om die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings van die Vereniging by te woon. By hierdie vergaderings kan stemgeregtigde lede hul reg uitoefen om besluite oor die beleid, prosedures en bestuur van die Vereniging te neem.

1.5.2 Geen persoon wat aan die ERASA-Grondwet gebonde is, mag enige handeling verrig wat die Uithouritsport, ERASA of enige van sy lede, beamptes of ampsdraers in diskrediet kan bring, of wat bedoel is om sodanige uitwerking te hê nie.

1.5.3 Dit sluit spesifiek, maar is ne beperk tot die volgende nie: enige mondelinge of skriftelike verklaring, artikel, kommenaar of plasing op sosiale media, of eige ander vorm van kommunikasie wat dreigend, beledigend, onwelgevoelok, pornografie, rastiesties, oneerlik, diskreminerend, godslasterlik of lasterlik is.

1.5.4 “SOSIALE MEDIA” sluit in, maar is nie beperk tot, Facebook, LinkedIn, Twitter, Wikipedia, Flickr, MySpace, Tumblr, Pinterest, Google, YouTube, internetboodskappe, webwerwe en webblaaie, of enige ander soortgelyke medium wat in die toekoms ontwikkel mag word.

## 1.6 BESWARE, KLAGTES EN GRIEWES

1.6.1 Enige lid van ERASA kan ’n beswaar, klag of grief indien teen enige handeling en/of besluit geneem deur ‘n struktuur of ampsdraer van ERASA.

1.6.1.1 Die aanmelding van enige nie-nakoming van ERASA se Grondwet en Reëls, klagtes oor die gedrag van deelnemers en/of beamptes, asook besware teen besluite wat deur beamptes tydens ’n ritbyeenkoms geneem is (met die uitsondering van besluite deur die Veterinêre Kommissie, waarteen geen beswaar ingedien mag word nie), moet ingedien word en sal hanteer word in ooreenstemming met **Hoofstuk 7 (Dissiplinêre Proses)** van die ERASA reëls.

1.6.1.2 <u>Klub- en/of Unie-vlak</u>

1.6.1.2.1 Klagtes, besware en/of griewe teen ’n handeling en/of besluit van ’n klub- en/of uniebestuurskomitee of ’n ampsdraer van ’n klub of unie moet:

1.6.1.2.1.1 By die sekretaris van die klub ingedien word (indien die handeling/besluit op klubvlak geneem is), wat die aangeleentheid na die klubbestuurkomitee sal verwys, of aan die sekretaris van die betrokke unie (indien die handeling/besluit op unievlak geneem is), wat die aangeleentheid na die uniebestuurskomitee sal verwys.

1.6.1.2.1.2 Skriftelik wees en deur die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief indien, onderteken wees.

1.6.1.2.2 Die klub- of uniebestuurskomitee moet binne sewe dae ná ontvangs van die klagte, beswaar en/of grief ontvangs daarvan erken.

1.6.1.2.3 Die klub- of uniebestuurskomitee moet by wyse van ’n gewone meerderheid van stemme besluit of daar meriete in die klagte, beswaar en/of grief is en, indien wel, ’n ondersoekkomitee aanstel om die klagte/beswaar/grief te ondersoek. Sodanige ondersoekkomitee:

- Kan uit enige aantal lede bestaan (insluitend ’n eenmanskomitee).
- Inligting rakende die klagte, beswaar en/of grief insamel. Waar dit die insameling van getuienis van persone behels, moet dit verkieslik gedoen word deur beëdigde verklarings te verkry.
- Alle verklarings en ander inligting in ‘n bundel saamvoeg en die bundel aan die klub – of uniebestuurskomitee indien.
- Moet die resultate van die ondersoek binne dertig (30) dae ná aanstelling en ontvangs van sy opdrag van die klub- of uniebestuurskomitee aan die klub- of uniebestuurskomitee indien, tensy besondere omstandighede vereis dat die indiening daarvan uitgestel word, met dien verstande dat hierdie uitstel vooraf deur die klub- of uniebestuurkomitee gemagtig word.

- Moet die klagte, beswaar en/of grief wat ondersoek word, sowel as alle inligting wat tydens die ondersoek ingesamel word, vertroulik hanteer.

1.6.1.2.4 Die klub- of uniebestuurskomitee moet, nadat die ondersoekkomitee sy ondersoek voltooi het, die bundel van die ondersoekkomitee ontvang en by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme oor verdere optrede besluit. Dit kan insluit (maar is nie beperk tot nie):

- Bevestiging van die vorige besluit en/of handeling.
- Hersiening van die vorige besluit en/of handeling.
- Verwysing van die aangeleentheid deur die klubbestuurskomitee na die uniebestuurskomitee van die Unie waarby die klub geaffilieer is, of deur die uniebestuurskomitee na die Raad.

1.6.1.2.5 Klagtes, besware en/of griewe wat deur 'n klubbestuurskomitee na 'n uniebestuurskomitee verwys word, sal op dieselfde wyse hanteer word soos uiteengesit in Artikel 1.6.1.2.4

1.6.1.2.6 Die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief ingedien het, sal skriftelik van die besluit van die klub- of uniebestuurskomitee in kennis gestel word. Indien hy/sy nie met hierdie besluit tevrede is nie, kan hy/sy die aangeleentheid na die unie verwys (waar die besluit op klubvlak geneem is) of na die Raad (waar die besluit op unievlak geneem is).

1.6.1.3 <u>Raadsvlak</u>

1.6.1.3.1 Klagtes, besware en/of griewe teen 'n handeling en/of besluit geneem deur die Raad, die Dagbestuur van die Raad, 'n komitee van die Raad of 'n ampsdraer van die Raad, moet:

1.6.1.3.1.1 Aan die Algemene bestuurder van ERASA ingedien word, wat die aangeleentheid na die Dagbestuur van die Raad sal verwys.

1.6.1.3.1.2 Skriftelik wees en deur die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief indien, onderteken wees.

1.6.1.3.2 Die Algemene bestuurder moet binne sewe dae ná ontvangs van die klagte, beswaar en/of grief ontvangs daarvan erken.

1.6.1.3.3 Die Dagbestuur van die Raad moet by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme besluit of daar meriete in die klagte, beswaar en/of grief is en, indien wel, 'n ondersoekkomitee aanstel om die klagte/beswaar/grief te ondersoek. Sodanige ondersoekkomitee:

- Kan uit enige aantal lede bestaan (insluitend 'n eenmanskomitee).

- Inligting rakende die klagte, beswaar en/of grief insamel. Waar dit die insameling van getuienis van persone behels, moet dit verkieslik gedoen word deur beëdigde verklarings te verkry.
- Alle verklarings en ander inligting in ’n bundel saamvoeg en die bundel aan die Dagbestuur van die Raad indien.
- Moet die resultate van die ondersoek binne dertig (30) dae ná aanstelling en ontvangs van sy opdrag van die Dagbestuur van die Raad aan die Dagbestuur van die Raad indien, tensy besonderse omstandighede vereis dat die indien daarvan uitgestel word, met dien verstande dat hierdie uitstel vooraf deur die Dagbestuur gemagtig word.
- Moet die klagte, beswaar en/of grief wat ondersoek word, sowel as alle inligting wat tydens die ondersoek ingesamel word, vertroulik hanteer.

1.6.1.3.4 Die Dagbestuur van die Raad moet, nadat die ondersoekkomitee sy ondersoek voltooi het, die bundel van die ondersoekkomitee ontvang en by wyse van ’n gewone meerderheid van stemme besluit of verdere optrede geregverdig is. Indien wel, moet die aangeleentheid na die Raad verwys word.

1.6.1.3.5 Die Raad sal die relevante dokumentasie oorweeg en moet by wyse van ’n gewone meerderheid van stemme besluit oor die optrede wat geneem moet word. Dit kan insluit (maar is nie beperk tot nie):

- Bevestiging van die vorige besluit en/of handeling.
- Hersiening van die vorige besluit en/of handeling.

1.6.1.3.6 Klagtes, besware en/of griewe wat deur ’n uniebestuurskomitee na die Raad verwys word, sal op dieselfde wyse hanteer word soos uiteengesit in Artikel 1.6.1.3.5.

1.6.1.3.7 Die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief ingedien het, sal skriftelik van die Raad se besluit in kennis gestel word. Indien hy/sy nie met die Raad se besluit tevrede is nie, kan hy/sy ’n dispuut verklaar. In so ‘n geval:

- ’n Onafhanklike regspraktisyn moet aangestel word (alle partye moet skriftelik hul tevredenheid met hierdie aanstelling verklaar).
- Alle betrokke partye moet hul mening skriftelik aan hierdie regspraktisyn voorlê.
- Die regspraktisyn moet die relevante dokumentasie bestudeer en ’n mening lewer.
- Alle partye moet by die bevindinge van hierdie regspraktisyn berus.

1.6.2 Nie-nakoming van die bostaande procedure deur enige lid van Erasa sal as ‘n oortreeding van die reels beskou en in terme van prosedures soos in Hoofstuk 7 (Dissiplinêre Proses) uiteengesit, hanteer word.